NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 28 AUGUSTUS 2022**

# TWAALFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Meer erns met die omgang van die Woord***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Jeremia 18:1-11; Psalm 139:1-6, 13-18**
**Filemon vers 1-21; Lukas 14:25-33**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 28 AUGUSTUS** | |
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br>BYBELSONDAG |
| 09:30 | Oggenddiens – Ds Johan Morkel<br>Deuroffer: Gideons<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:30 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 29 AUGUSTUS** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 30 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in die Moederskamer |
| **WOENSDAG, 31 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 19:00 | Kerkraadsvergadering in die konsistorie |
| **DONDERDAG, 1 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum – Lentedag (Snaakse hoed kompetisie) Huis de Kuilen<br>Sopbeurte: Othello – Bertha de Kock, Lynette vd Westhuizen, Riana Maritz, Hannelie du Plessis, Alet Wassüng, Veronica Wolfaardt |

| VRYDAG, 2 SEPTEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |

| SATERDAG, 3 SEPTEMBER | |
|---|---|
| | |

| SONDAG, 4 SEPTEMBER | |
|---|---|
| | NASIONALE BIDDAG VIR DOWES |
| 09:30 | Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer: Instituut vir Dowes<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| GEEN | Kleuterkerk |
| 09:30 | Erediens in die opelug te Avalon (Bring ‘n piekniekmandjie saam) |
| 09:30 | Kinderkerk op Avalon |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS



1. Hannes Matthee (Van Bruggenstraat) is die afgelope week oorlede. Ons dink aan Wilma en die familie in hierdie tyd.
2. Theo Boshoff (Othello) is in die sorgeenheid in Welverdiend opgeneem. Ons dink aan Marinda in hierdie tyd.
3. Danny Williams (Sangirostraat) het die week toetse ondergaan wat volgende week opgevolg sal word.
4. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Drienie Coetzee vanaf Stellenberg

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 31 Augustus 2022 om 19:00.
3. Ds Chris is naweek af.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



28/08 Bjorn Moggee, Estelle Conradie, Elmien Boyes
29/08 Tia Welman, Stiaan van Zyl, Petro Combrinck, Vasti Muller,
Ian van der Walt
30/08 Ziaan van Zyl, Heinrich van As, Werner De Koker
31/08 Tanya Herholdt, Elmaré Burger, Roanda Jacobs, Annette du Toit(83)
01/09 Leoni en Rachel Lambert, Erna de Wit, Peru Viljoen, Cliné de Beer
03/09 Maureen Robertson

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**DIE GIDEON BEDIENING**

Die Gideons Internasionaal is ‘n vereniging vir Christen sake- en professionele manne, met net een visie (droom) – OM SIELE VIR JESUS TE WEN. Ons doen dit deur persoonlike werk (getuienis) asook die verspreiding van God se woord.

Die Gideons vereniging het reeds in 1899 in die VSA ontstaan en funksioneer tans in 201 lande wêreldwyd en in Suid-Afrika sedert 1950. Die lande sluit onder andere Rusland, Mexico en ook Groenland in. Die Gideon Bybels word in meer as 100 tale gedruk en versprei. China is een van die lande wat nog amptelik vir die Gideons geslote is, maar daar is reeds heelwat mense wat by die organisasie aangesluit het en hulle versprei reeds meer as ‘n halfmiljoen Bybels in een jaar.

Met die finansiële ondersteuning van kerke en individuele Gideon vriende en natuurlik met die genade van die Here is die Gideons in staat gestel om sedert sy ontstaan meer as 2 MILJARD Bybels in 100 tale in 201 lande te versprei!!

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir wat Hy reeds deur die Gideon bediening gedoen het en nog steeds elke dag doen. Daar is vele getuienisse wat deur die werking van die Heilige Gees en met ‘n Gideon Bybel tot bekering gekom het. Sou jy dalk deur die Heilige Gees gelei word om op een of ander wyse by die bediening betrokke te raak kontak asb een van die drie Gideons in ons gemeente:

Jacques Odendal – 082 808 3459
Eric Brand – 082 465 8620
Johan Joubert – 082 923 6181

Meer inligting oor die Gideon bediening asook getuienisse is beskikbaar op ons webwerf www.gideons.org

# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 12 Oktober 2022 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om ‘n sukses van die aand te maak.
Ons kort nog 10 Tafelhoofde om as gasheer/-vrou op te tree.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is.

Kom mense, ek glo julle wat nog nie daar was nie, gaan iets besonders mis en die wat al daar was gaan weet jy sal nou al moet bespreek.

Dirk Brits - Sameroeper

# GROOTDRUK BYBELS – 2020 VERTALING

Die 2020 vertaling van die Afrikaanse Bybel is nou ook in **GROOTDRUK** beskikbaar. Bestel by die kerkkantoor en kry dit baie goedkoper as in die winkels.

Die swart hardeband weergawe is beskikbaar teen R350, terwyl die luukse weergawe met bruin leer en duimindeks R500 kos.

(Die pryse in die handel is onderskeidelik R489 en R699.)

Bestel by die kerkkantoor teen 31 Augustus 2022. Betaal eers by ontvangs.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Danksy De Eikenaars se medemenslikheid het ons mandjie nou al so 'n effense boeppens!

Items wat skaars bly, is:

Koffie (150g of 200g) - enige sort, gee soggens moed vir die dag!
Tamatie (410g-blikkies) - ons gee dit saam met pasta, waarvan ons genoeg het.
Groente (410g-blikkies) - omdat ons nie vars groente kan gee nie.

Onthou dat jy ook 'n kontantbydrae kan maak, indien dit jou beter pas.
Daarmee koop ons die nodige toiletware en skoonmaakmiddels.

*Baie, baie dankie vir jou hulp, liewe lidmaat!*

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# KLERE EN VERE

So noem ons De Eike se klerebank, want dis NIE n klerebank NIE, maar n ***getuienisaksie.***
Dis klere, skoene, handsakke, hoede, serpe, baadjies, pajamas, kussings, linne, komberse, speelgoed, legkaarte, oorbelle, wol, materiaal, en-so-voorts! Verstaan?

Daarom dan, **KLERE & VERE**

***Dankie aan lidmate wat hierdie aksie ondersteun!*** Julle help mense in nood in Green Park, Nuwerus, Merweville, Huis Sonop, Huis De Kuilen, Baby House, Helpende Hand, plaaswerkers, skoolkinders, en-so-voorts!

Dis 'n getuienisaksie, want ons sorteer die klere, was dit soms, maak heel en vou dit mooi op. Verpak dit ook, verkieslik nie in swartsakke nie, want dis nie rommel nie, en gee daardeur aan mense n stukkie menswaardigheid terug.

Wanneer julle begin wintersgoed uitgooi, bring dit asseblief kerk toe? Veral baba-, kinder- en tienerklere is in aanvraag.

Groetnis van 2 Vere

# SENIOR BURGER TEE

Na ‘n afwesigheid van 2 jaar is dit vir die Kommissie vir Vrouelidmate ‘n voorreg om vanjaar weer al ons senior burgers (bo 60 jaar) te bederf by die geleentheid van die **SENIOR BURGER TEE** op Dinsdag 20 September 2022. Merk solank die datum op jul almanakke!!

Die kunstenaar wat gaan optree is Belia Lourens (gaan kyk gerus na ‘n video van haar op YouTube) waarna almal saam kuier rondom ‘n koppie koffie of tee en heerlike verversings. Covid het gemaak dat ons nie kon saam kuier nie. Gryp dus hierdie geleentheid aan.


Die vrywillige “toegangsfooi” by dié geleentheid gaan wees een van die volgende items:

**babapoeier, pakkie sop (Knorr), pakkie koekies, pakkie beskuit, warm sjokolade, aanmaak koeldrank, kontant bydraes**

Alles wat ons ontvang, sal geskenk word aan die inwoners van Huis De Kuilen.

Geen bespreking nodig, daag net op!!

# UIT DIE BEEK 2023




Bestellings vir die **2023 UIT DIE BEEK** deur **BAREND VOS** kan nou by die kerkkantoor geplaas word.

Die normale prys is R235, maar indien jy **voor 31 Augustus 2022** bestel, kan jy dit kry teen die afslagprys van R188.

Kontak dus die kerkkantoor so spoedig moontlik.

# MATRIEKFEES

**MATRIEKFEES – NOORDHOEK STRAND**

**7 – 14 DESEMBER 2022**

‘n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Koste R2 000. Skryf in vóór 1 Oktober en betaal slegs R1 800.

Kontak Faani by 083 856 1951 vir meer inligting.

Inskrywings by **https://forms.gle/WYCbYBcLqRbioLNc7**

# GEMEENTEBEDIENING

Die Gemeentebedieningskommissie (al die Blokleiers) het besluit om ‘n lys van vrywilligers saam te stel met die oog op verskaffing van broodjies en hulp by begrafnisse in die toekoms.

- Vrywilligers sal op ‘n rotasie basis gekontak word om een brood se broodjies te maak en/of te help met bediening.
- Ons benodig ook een persoon om hierdie aksie te koördineer.

Kontak die kerkkantoor as die Here dit op jou hart druk om te help.




AVALON
Lente Buitelug
diens
4 SEPTEMBER 2022
09:30
Bring 'n piekniek mandjie om
saam te kuier op die grasperk
na die diens.

# PREEKSKETS

**TEMA – VERSTAAN EK DISSIPELSKAP DIESELFDE AS JESUS?**



Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Lukas 9:57 – 62

Inleiding: Hoe het dit gebeur dat jy 'n volgeling van Jesus geword het?

1. Verreweg die meeste van ons het in die kerk grootgeword:

1.1. Toe Jesus op aarde was, het dinge natuurlik anders gebeur. Ons het gehoor hoedat mense van Jesus begin kennis neem het.

2. Is dit verkeerd dat hierdie mense Jesus begin volg het omdat hulle hierdie ervarings gehad het? Is dit verkeerd dat ons volgelinge van Jesus is omdat ons in die kerk groot-geword het? Natuurlik is dit nie verkeerd om te leef vanuit die genade van die Here nie!
3. Die risiko het egter destyds bestaan dat mense Jesus begin volg het vir die voordeel wat hulle gereken het dit vir hulle inhou. Ons kan vandag om dieselfde rede die Here volg! .
4. In ons teksgedeelte ontbloot Jesus 'n ander dimensie van dissipelskap vir sy volgelinge. Jesus wys wat die volle implikasies is van om volgeling van Hom te wees.
5. Jesus verwys meer as eenmaal na "die Koninkryk van God." Hy sê "om My te volg", beteken dat God se wil, God se koninkryk, eerste in jou lewe kom. God se koninkryk kom voor jou wil, voor die koninkrykie wat jy vir jouself aan die oprig is.

5.1. Navolging van Jesus is nie alleen om te leef vanuit sy genade en gawes en goedheid nie, maar ook om bereid te wees om op te offer ter wille van sy Koninkryk.

6. Ons het begin praat oor lidmaatskap, navolging van Jesus. Jesus roep ons vanoggend weer "Volg My". Kom ons antwoord Hom deur saam hardop ons geloof te bely.